

Gereformeerde Kerk Bellville – 23 September 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 9-1:9, 10, 11 (Sb 26)

- 9 Laat nooit jou voet die weg betree nie / van hom wat roof nog diefstal vrees.
Jy mag geen vals getuig'nis gee nie, / maar laat jou woorde waarheid wees.
- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade^{nis} al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 66:7, 8 (p. 322)

- 7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.
- 8 Was ek deur ongeregthede / en hul aanloklikheid bekoor,
dan het die HEER na my gebede / en jammerklagte nie gehoor.
Maar Hom, die kenner van die harte, / was ook my diepste wens bekend;
Hy het gehoor, en in my smarte / die oor na my gebed gewend.

Gebed

Psalm 15:1, 5 (p. 57)

- 1 Wie styg so hoog in heil en eer, dat hy met U, die grote Koning,
met U, die allerhoogste HEER, / kan op u heil'ge berg verkeer / en intrek in u heil'ge woning?
- 5 Dié wat geen hoop op roof wil stel / en woekerwinste nie begeer nie,
geen omkoopgeld hom af laat tel / om wie onskuldig is, te kwel – / hy sal nie wankel immermeer nie.

Skriflesing: Matteus 25:14-30; Heidelbergse Kategismus, Sondag 42

Kernvers: Matteus 25:21

En sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer. (Matteus 25:21 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 110: Wat verbied God in die agste gebod?

Antwoord: God verbied nie slegs die diefstal (a) en roof (b) wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry (c). Dit kan gebeur met geweld of 'n skyn van reg, soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere (d), geld, deur woeker (e) of enige middel wat God verbied. Hy verbied ook alle gierigheid (f) en alle misbruik en verkwisting van sy gawes (g).

(a) 1 Kor 6:10. (b) 1 Kor 5:10; Jes 33:1. (c) Luk 3:14; 1 Tess 4:6. (d) Spr 11:1; 16:11; Eseg 45:9, 10; Deut 25:13. (e) Ps 15:5; Luk 6:35. (f) 1 Kor 6:10. (g) Spr 23:20, 21; 21:20.

Vraag 111: Maar wat gebied God jou in hierdie gebod?

Antwoord: Ek moet die belange van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê dat hy my moet behandel (a). Daarby moet ek ook my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help (b).

(a) Matt 7:12. (b) Efes 4:28.

Tema: Hoe die verlose mens werk en sy besittings bestuur

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, Jesus Christus se koms en werk op aarde het die Tien Gebooie nie oorbodig gemaak vir die Christen nie. Daar is ook nie so iets dat die Christen nou maar die Tien Gebooie kan ignoreer omdat Christus dit volmaak in sy plek gehoorsaam het nie. Dieselfde gesag wat die Tien Gebooie vir die gelowiges in die Ou Testament ingehou het, hou dit ook vir die gelowiges van die Nuwe Testament in nadat Christus hulle verlos het. Daarom skryf Paulus aan die Efesiërs die volgende aangaande die agste gebod:

Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liever arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het. (Efesiërs 4:28 AFR53)

Ons ken almal die agste gebod baie goed. Sondag na Sondag hoor ons die Here dit sê vir elkeen met wie Hy sy verbond bevestig het: **Jy mag nie steel nie.** Die Here verbied inderdaad in hierdie gebod dat sy kinders besittings op 'n onregverdig manier in die hande kry. Maar in die gebod hoor ons nie net wat God verbied nie. Die Heilige Gees wys ons ook daarop dat die Here sy kinders leer oor hulle daaglikse werk en die bestuur van die goed wat aan hulle sorg toevertrou is.

Broers, susters en kinders, wanneer ons die agste gebod van nader gaan bekyk in die lig van die Here se Woord, wys die Heilige Gees op 'n klompie dinge wat verband hou met die agste gebod. Ons leer hoe 'n gelowige se houding is ten opsigte van sy daaglikse werk, watter posisie 'n gelowige het ten opsigte van die aardse besittings wat in sy sorg is. Die Here gaan ons ook leer oor welvaart en vir die tyd in ons land se geskiedenis is dit noodsaaklik dat ons luister na wat die Here ons leer.

Laat ons by die eerste saak kom – ons daaglikse werk. En ons begin met die eenvoudige vraag: Waarom werk 'n mens? 'n Gelowige en 'n ongelowige sal hierdie vraag verskillend beantwoord. In die wêreld en onder die ongelowiges word werk beskou as 'n middel tot 'n doel. Met ander woorde, 'n mens werk sodat hy kos en klere en 'n blyplek kan bekostig. Kos en klere en die ander basiese dinge is dus die uiteindelik doel wat die ongelowige wil bereik en werk is 'n manier om hierdie dinge te kry of te kan bekostig.

Natuurlik het alle mense kos en klere en 'n blyplek nodig. Dit is mos die basiese dinge om te kan leef en al hierdie goed kos geld. Boonop voel elkeen van ons dit aan die sak dat ook hierdie basiese dinge maand na maand duurder word. En meer en meer mense kry baie swaar om net hierdie basiese dinge te kan bekostig. Is dit dan verkeerd om te sê dat 'n mens moet werk om te kan eet. Niemand gaan selfs hierdie basiese dinge verniet vir jou gee nie.

Dit is so dat 'n mens 'n eie verantwoordelikheid het om jouself en jou gesin behoorlik te versorg. Maar die vraag bly: Is werk maar net 'n middel tot 'n doel? Daar is immers ook mense wat werk vir meer as die basiese dinge, soos kos en klere. Omdat hulle gewoonde ge-raak het aan die weelde van hierdie wêreld en nie daarsonder wil klaarkom nie, werk hulle soveel harder en langer om die weelde te kan bly bekostig. Die doel in hulle lewe is

om kos en klere en al die blink en soet dinge van hierdie lewe te besit, daarom is werk vir hulle 'n middel om die doel te bereik.

Wat leer ons by die Here oor werk? Een van die bekendste uitsprake oor werk lees ons in 2 Tesselonisense 3 – **as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie**. In hierdie woorde word 'n mens aangespoor tot getroue arbeid. Maar wat word met daardie woorde bedoel? Baie maal dink mense Paulus het vir die luiaard gesê: As jy wil eet, moet jy werk.

Maar 'n mens kan die volgorde nie sommer net so omdraai nie. Luister weer na die woorde: **As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie**. Wanneer 'n mens dit op 'n positiewe sê, klink dit so: As iemand wil werk, moet hy eet. Hoor ons dit goed? Werk is die doel en kos is die middel om die doel te bereik en te handhaaf. Ons moet dus nie sê: Ek werk om te eet, nie. Ons moet eerder sê: Ek eet om te werk.

Hierdie is nie nou maar net 'n gespeel met woorde nie. Die mens lewe immers om te werk. Werk is dus die doel en nie maar net 'n middel om 'n doel te bereik nie. As werk dan die doel van die mens se lewe is, waarom kry hy dan geld daarvoor? Die salaris as loon op 'n mens se werk, moet gebruik word om aan te hou werk. Of anders gesê: Ek eet sodat ek kan aan-hou werk.

Dit is immers die volgorde wat al in die tuin van Eden gegee is. Nadat God die eerste twee mense geskape het, het Hy eers hulle werk aan hulle gegee. Hy het hulle geskep en geseën om die aarde te bewerk en op te pas. En eers nadat hulle gehoor het wat hulle moet doen, sê die Here dat Hy al die vrugte van die bome aan hulle gee om te eet sodat hulle die werk kan doen (Gen 1:28-30). Van die begin af het die mens dus nie gewerk vir sy kos nie. Die Here het sy kos vir hom gegee sodat die mens aan sy doel kan voldoen – sodat hy kan werk.

Om enige twyfel oor hierdie volgorde en oor die doel van die mens uit die weg te ruim, dink aan die woorde van Jesus aan die einde van Matteus 6. Die dissipels van die Here moenie bekommerd wees oor wat hulle sal eet of aantrek nie. Dit is goed waaroor die heidene be-kommerd is. Wat moet die dissipels van die Here dan doen? Hulle moet eers die koninkryk van God en die wil van God soek, en al hierdie dinge – kos en klere – sal vir hulle bygevoeg word (Matt 6:25-34). Werk – dit is waarvoor die Here die mens geskep het – werk vir die Here en sy koninkryk. Hy weet dat sy dissipels kos nodig het om te werk, daarom sal Hy dit vir hulle byvoeg. En 'n laaste woord oor ons daaglikse werk – 'n gelowige probeer nie met so min as moontlik werk wegkom nie. Aangesien hy werk om God se koninkryk te bevoordeel en sy wil te doen, doen hy sy uiterste bes in sy werk.

Kyk nou wat vertel Jesus ons in Matteus 25. Die eienaar van die drie diensknegte het sy besittings aan hulle drie toevertrou. Hy het die talente uitgedeel na elkeen van die drie se vermoë. Net eers oor die woord *talente*. Talente in hierdie gelykenis is nie 'n talent soos om mooi musiek te maak of goed te kan praat nie. Die 1983-vertaling is korrek om van munt-stukke te praat. En een talent geld is gelykstaande aan ses duisend mense se dagloon. Die eienaar het dus 'n groot som geld aan elkeen van hulle toevertrou.

Die drie diensknegte moes die eiendom van hulle eienaar vir hom bestuur. Dit wil sê, hulle is rentmeesters van hulle eienaar. 'n Rentmeester werk met die eiendom van sy eienaar sodat die eienaar daardeur bevoordeel word. Kyk net hoe prys die eienaar die eerste twee diensknegte oor hulle goeie en getroue arbeid met sy eiendom.

Vir my en jou wat deur Jesus Christus vrygekoop is van die mag van die sonde en die duiwel om vir Hom te werk, beteken dit dus die volgende: Watter werk ek en jy ook al

daaglik doen – ons werk in die eerste plek nie vir 'n maatskappy of 'n baas nie. Gelowiges werk vir die Here – om sy koninkryk te bevorder en sy wil uit te voer. Omdat die Here wil hê dat sy kinders sal aanhou werk vir Hom, beskik Hy dat hulle ook 'n loon kry.

Daardie loon is die Here se eiendom waarvoor Hy jou en my as rentmeesters aanstel. Dit wil sê, gelowiges moet daardie loon wat hulle ontvang so bestuur dat die Here daardeur be-voordeel sal word. Hoe bestuur 'n mens nou jou maandelikse loon tot voordeel van die Here? Kom ons sê eers hoe 'n mens dit nie doen nie. Dit is wêrelds om te dink dat jy daardie salaris verdien het met jou werk en nou is dit joune waarvan jy uit goedheid vir die Here 'n tiende deel daarvan gee. Al tien dele van my salaris is die Here s'n, en omdat Hy wil hê dat ek sal aanhou werk in sy diens gee Hy negetiendes om myself en my gesin te versorg sodat ons kan aanhou werk vir Hom.

Soos wat die eienaar in die gelykenis uitgedeel het, so doen die Here dit ook – Hy gee na elkeen se vermoë. Daarom gebeur dit dat party 'n groter salaris kry as ander. Omdat die Here na elkeen se vermoë uitdeel, kan dit ook gebeur dat daardie negetiendes wat Hy aan jou gee meer as genoeg is vir alles wat jy nodig het. Wat moet ek dan doen as ek nog van die geld van die Here oor het? Daar is twee dinge wat ons beslis nie daarmee moet doen nie. 'n Gelowige mag nie gierig wees nie en 'n gelowige moet ook nie daardie geld wat oor is op nuttelose dinge vermors nie. Wat ook al oor is, is nog nie myne en joune nie. Dit is die Here s'n, daarom is die beste om vir die Here te vra hoe Hy wil hê jy dit moet gebruik.

Dit bring ons by die vraagstuk oor welvaart wat vandag so 'n aktuele saak in ons land is. Daar is mense wat van die gedagte is dat alle hulpbronne wat daar in 'n land is gelykop tussen al die inwoners van die land verdeel word. Daar is selfs mense wat dit vanuit die Bybel wil regverdig. Hierdie manier van doen noem ons sosialisties of kommunisties. Op papier mag hierdie manier van doen goed lyk, maar die praktyk het dit al oor en oor bewys dat dit nie so goed werk in 'n wêreld vol sondaars nie.

In die gelykenis wat ons gelees het en op verskeie ander plekke in die Bybel kom 'n mens agter dat selfs nie eers alle gelowiges dieselfde mate van welvaart van die Here ontvang nie. Hy deel aan elkeen uit volgens elkeen se vermoë. Die welvaart behoort aan die Here en die mens is slegs 'n bestuurder daarvan vir die Here. Miskien sal dit ons help om die debat oor grond in ons land so te benader. Niemand is die eintlike besitters van die grond nie, want al die grond in hierdie land behoort aan die Here. Ons het 'n verantwoordelikheid om die grond so te bestuur dat die Here daardeur verheerlik word. En met *ons* bedoel ek al die mense in die land.

Daar is opgemerk dat sommige mense vanuit die Bybel 'n sosialistiese stelsel wil regverdig. Wanneer 'n mens die gebeure in Handeling 4 en 5 oppervlakkig lees, klink dit asof almal hulle eiendom so verdeel het sodat almal daarin kon deel. Luister 'n mens egter met aandag na wat die Heilige Gees openbaar, sien 'n mens dat daar buitengewone omstandighede ge-heers het in die gemeente in Jerusalem en daarom moes daar buitengewone maatreëls getref word. Die gebeure in Jerusalem was nie die begin van 'n sosialistiese stelsel nie. Dit was Christelike liefde wat gelowiges konkreet teenoor mekaar uitgeleef het omdat die Here aan hulle sy groot genade in Christus geskenk het. Dat sommige gelowiges in Jerusalem met ander motiewe van hulle eiendom ontslae geraak het, word nie ontken nie, want hoewel hulle verlos was, was hulle nie volmaak nie.

Lees 'n mens verder in die boek Handeling hoor 'n mens dat daar baie gou ander maatreëls getref is om die verarmde gemeente in Jerusalem te help. Die kerke onder die heidene het fondse bymekaargemaak deur middel van kollekte en so is die kerk in Jerusalem gehelp. Ons behoort biddend te vra of en watter buitengewone maatreëls

moontlik in die teens-woordige gronddebat toegepas moet word. Dissipels van die Here Jesus is immers die sout en lig in die wêreld – sout om te keer dat die kwaad die oorhand kry en lig om in die spore van geregtigheid Jesus te volg.

Indien die Here aan my en jou dan minder welvaart toevertrou het om te bestuur, moet ons nie met jaloesie na die kyk wat meer as ons het nie. En 'n gelowige behoort ook nie die gesindheid te hê dat hy met sy buurman moet kompeteer oor wie die nuutste van wat ook al het nie. Dan bestuur ek nie die besittings van die Here tot sy eer en tot voordeel van sy koninkryk nie, maar is ek besig om my eer te soek en my eie koninkryk te bou.

Die Heilige Gees rig gelowiges se oë op Jesus Christus hulle Leidsman en Verlosser. Christus het die agste gebod volmaak gehoorsaam. Wat arbeid betref, was daar niemand op die aarde wat so getrou die wil van God gedoen het soos Christus nie. Hy het verkondig, genees en bemoedig. Hy dit nie net tydens kantoore gedoen nie. Sy program was so druk dat daar tye was dat Hy nie eers kans gehad het om te eet of te rus nie. Hy verwoord sy gehoorsaamheid aan sy Vader soos volg:

Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het, so lank as dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie. (Johannes 9:4 AFR53)

Wat aardse besittings betref, het Jesus maar weinig gehad. Hy sê dan self dat jakkalse gade het en voëls neste, maar Hy het nie eers 'n plek om sy hoof neer te lê nie. As Here en Koning kon Hy op enigiets beslag lê vir Homself. Maar dit het nooit vir Homself oor Hom gegaan nie, maar oor sy Vader se wil. En met groot erns en ferm het Hy die rowers en die we daarop gewys toe hulle met hulle onregverdige handel in die tempel besig was.

Hoewel Hy volkome gehoorsaam was aan sy Vader, het Hy die straf vir die uitverkorenes se sondes gedra. Markus vertel die volgende:

Hulle het ook twee rowers saam met Hom gekruisig, een aan sy regter- en een aan sy linkerkant. En die Skrif is vervul wat sê: En Hy is by die misdadigers gereken.

(Markus 15:27-28 AFR53)

Christus het die gebod volmaak vervul. Die Heilige Gees laat elkeen wat sy geloof in Christus bely, deel kry aan hierdie gehoorsaamheid. En deur die krag van Christus se opstanding, laat die gelowige hom nie meer lei deur sy sondige aard nie, maar deur die Gees van Christus. En die gelowige weet dat hy net 'n bestuurder is van aardse besittings, want dit behoort aan die Here alleen.

Amen!

Slotgebed

Psalm 62:7, 8 (p. 303)

7 Vertrou nie op geroofde geld, / tirannemag of handgeweld,
of op die vastheid van jou gang nie. / As rykdom jou sy vreug berei,
jou met sy skynsel wil verlei, / laat dan jou hart nie daaraan hang nie.

8 'n Godspraak ruis my in die oor. / Twee woorde het ek toe gehoor:
"By God alleen is sterkte en kragte!" / "Ook is by U die goedheid, HEER!"
Dus is daar vir die sterfling weer / vergelding na sy werk te wagte.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
23 September 2018